# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 WAT WIL EK NAVORS?

**Verandering** is tans 'n komplekse realiteit oral in die wêreld. Hierdie werklikheid het ook vir die Kerk 'n kwessie geword. Die Kerk bevind haarself inderdaad in 'n tyd van totale en omvattende verandering. Die tradisionele Afrikaanse Kerke wat in hul opvatting en benadering eksklusief en behoudend is, het ook met groot effek hiervan kennis geneem: "The turbulent challenges of our time force all institutions and communities to renew and reinvent themselves." (Scharmer 2006:9.)

Die toekoms as 'n realiteit voorhande ("forthcoming reality") word deur Pieter de Villiers beskryf as "an imminent 'now' reality" (2005:11). "Instead of things to come, things are already here, it is already part of the 'now' realities where we live, play and work" (De Villiers 2005:11.) Niemandt (2007:11) vertolk die verbysterende tempo van verandering as volg: "Die wêreld het verander en niks is meer dieselfde nie: die manier waarop dinge werk, die manier waarop ons daaroor praat, selfs die taal van ons geloof – word meegesleur in die getygolf wat om ons breek."

Verandering impliseer dat die huidige kontekste uitgedien en onaanvaarbaar is: "Ou kennis en ou ervaring is skielik waardeloos en beteken niks as gids op hierdie nuwe reis nie" (Niemandt 2007:9). Vanuit 'n strategiese invalshoek (een waarin Kerkleiers ook 'n bestuursverantwoordelikheid het), het dit nodig geword om nuwe rigting te skep. *Rigting* impliseer op sy beurt dat leiding essensieel is.

**Leierskap** is die proses waardeur organisasies/individue beweeg vanaf 'n onaanvaarbare status quo na 'n meer ideale toestand. Oswald en Kroeger (1988:146) beskryf 'n proses as dat dit te make het met die "underlying flow and dynamics of a congregation that knit it together in its common life and affect its morale and climate". Hierdie ideaal word te dikwels binne die

huidige strukture/sisteme gegiet. Die verantwoordelikheid van leierskap is om in wese betrokke te raak by die daarstelling van nuwe oplossings: nuwe oplossings wat selfs buite die huidige "norm" en "vlak van aanvaarbaarheid" gevind moet word. Die toenemende komplekse bestuursomgewing stel buitengewone hoë eise aan leiers.

In die proses van doelgerigte leierskap/begeleiding tot vernuwing is strategiese beplanning onmisbaar. Sterk korrelasie blyk te bestaan tussen die lewensvatbaarheid van 'n organisasie en die wyse waarop sin en relevansie gedefinieer word (kontekstualiteit). Die Kerk van die Here Jesus Christus het die opdrag ontvang om Kerk in die wêreld te wees en haar roeping dienooreenkomstig getrou na te volg. Die Kerk kan slegs in hierdie opdrag slaag indien sy diensbaar bly.

Deur middel van leierskap (bestuursaksies en handelinge) word die ideaal van die toekoms 'n konkrete werklikheid. Dit is moontlik om hierdie "onmoontlike ideaal" 'n werklikheid te maak. Deur middel van hierdie navorsing wil ek die Kerk/gemeente bewus maak, oortuig en begelei om konstruktiewe prosesse te skep waardeur leierskap en bestuur impak sal hê op die ideale Kerk (gedefinieerde Kerk).

Ten opsigte van die gemeente as subjek meld Schippers (1982c:213) dat die gemeente nie 'n empiriese subjek is nie maar eerder 'n abstrakte subjek. Die abstraktheid van hierdie subjek word omskryf as 'n netwerk van verhoudings en gedefinieer as gemeente. Glatzel (soos aangehaal deur Schippers 1982c:213) verwys na die gemeente as 'n "gedefinieerde subjek" en na die individu en groepe binne daardie gemeente as die "empiriese subjek". Schippers dui verder aan dat die doel van gemeentewees niks minder en niks meer is as die produk van relasionele interaksie nie.

Die Kerk funksioneer in 'n groot mate nog binne 'n geïnstitusionaliseerde verwysingsraamwerk. Dit het tot gevolg dat waar leierskap plaasvind, dit sterk gelokaliseerd plaasvind en belyn word deur institusionele beginsels. In 'n komplekse samelewing sal leierskap meer dinamies en organies moet geskied. Leierskap mag derhalwe nie gelokaliseer of beperk word tot 'n

bepaalde gebied in die Kerk nie. Effektiewe leierskap is in die besonder 'n kollektiewe aangeleentheid.

Die gedefinieerde Kerk word in die Basistoerustingspakket (HTK:11) beskryf as *gebeure*: die Kerk tree na vore waar die mens deur die Woord en Gees van God aangespreek, gegryp en in 'n persoonlike gemeenskap met God en ander gelowiges gebring word.

In die gebeure van elke erediens as ontmoetingsgebeure tussen God en mens word die Kerk as't ware telkens en opnuut Kerk. Die Kerk word dus altyd weer Kerk, terwyl dit tog reeds daar is. Die Kerk op aarde is dit waarna dit steeds vooruitgryp en alleen so kan die Kerk waarlik Kerk wees. Hierdie wordingsgebeure tree nie uit die Kerk self na vore nie, maar is die werk van God deur God se Woord en Gees.

In die bestaan en wording van die Kerk is God in Christus deur die Heilige Gees werklik teenwoordig: "... de veronderstelling is dat de werkelijkheid van de gemeente iets te maken heeft met de existentie van Jezus Christus. Hij leeft in de gemeente (voorzover zij Hem volgt) aards, historisch, concreet!" (Schippers 1982b:182.)

## 1.2 HOE HET EK OP HIERDIE ONDERWERP GEKOM?

Die Kerk is 'n beslissende rolspeler in ons veranderende samelewing. Een van die fundamentele foute wat tans in die proses van leierskap gemaak word, is dat oplossingsmodelle slegs in huidige strukture gesoek word. In hul strategiese gerigtheid het dit nodig geword om buite die huidige strukture en modelle te gaan soek na oplossings.

Hoe is dit moontlik om vanuit die status quo te verskuif na 'n meer ideale "toestand"? Indien 'n organisasie die vermoë gehad het om die mees effektiewe model na te volg, hoekom word die ideaal dan nie in die status quo gereflekteer nie?

In die proses/bestuur van verandering is die skepping en daarstelling van die ideale toestand die mees kritiese fase. Tracy Goss (1996:24) maak melding

van ’n “Re-invention” model. Deur middel van hierdie model word leierskap in staat gestel om die gaping tussen die ideaal en die werklikheid te vul (“the art of filling gaps”). Namate die leier se aksies of handelinge sy visie oor die toekoms komplementeer, word die toekoms nie meer as ’n onmoontlike en ’n onaantasbare entiteit beleef nie, maar as ’n werklikheid aanvaar: nie ’n werklikheid wat eendag moet/moes aanbreek nie, maar een wat my huidige konteks bepaal.

Tussen wat “is” (werklikheid) en wat “moet wees” (ideaal), is ’n gaping wat deur middel van leierskap oorbrug kan word. Daar is meganismes en instrumente beskikbaar wat die prosesse van verandering stimuleer.

Daar is verskeie faktore (status quo) wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tans dwing om haarself te herdefinieer en te herorganiseer:

- Afname in lidmaatgetalle
- Verdwyning van jong lidmate
- Finansiële bronne is beperk/onvoldoende
- Strukture en sisteme waardeur die Kerk bestuur word kom dikwels oneffektief en lomp voor
- Bedankings en hoë druk waaronder predikante/kerkrade moet funksioneer
- Die lewensiklus van gemeentes is relatief
- Die Kerk is in ’n groot mate geïnstitusionaliseer
- Die Kerk funksioneer in terme van haar eksterne omgewing steeds sterk na binne gerig
- Die mate waartoe die Kerk binne veranderende kontekste aanpasbaar en akkommoderend is, bly kommerwekkend
- Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet haarself voortdurend en opnuut verantwoord ten opsigte van haar roeping binne ’n postmoderne samelewing

Is die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika volkome gehoorsaam en volledig diensbaar aan haar roeping? Verantwoordelike besinning hieroor is dringend nodig. Die Kerk word deur Jesus Christus self tot verantwoording geroep.

## 1.3 WAAR LÊ DIE GRENSE WAARBINNE EK MY NAVORSING DOEN?

Die strategie wat gevolg is om uiteindelik hierdie navorsing af te handel, is binne die volgende grense aangepak:

### 1.3.1 Die Kerk bevind haarself binne 'n postmoderne samelewing

Die Kerk sal haarself strategies moet posisioneer binne 'n postmoderne samelewing. 'n Postmoderne samelewing word in die besonder geken aan sy pluralisme (die werklikheid as 'n veelheid van individuele selfstandighede):

- Die Kerk word nie meer verhef tot 'n "absolute" gegewe nie
- Die samelewing is gefragmenteerd en gepolariseerd
- Die Kerk se alleen aanspraak op die waarheid geniet nie meer algemene dominansie nie
- Daar is nie beperkinge met betrekking tot bepaalde/spesifieke waardes en norme nie
- Daar word met baie groot erns gekyk en geluister na die regte van alle individue

McLaren (2000:162) merk op dat "In postmodernism, the analytical and critical rationality of modernism is taken one step further: It critiques not only the objective world and other people, but also the self and the self's very ability to know and understand." Een van die kritiese uitdagings vir ons tyd is om 'n nuwe sintese tussen wetenskap, sosiale veranderinge en die evolusie van die self te vind. In hierdie verband voer Scharmer (2006:10) soos volg aan: "I Think it is now time for social scientists to step out of the shadow and to establish an advanced social sciences methodology that integrates science ($3^{rd}$ person view), social transformation ($2^{nd}$ person view) and the evolution of self ($1^{st}$ person view) into a coherent framework of consciousness based action-research."

Die Kerk word gedwing om te fokus in en op haar primêre wesenskenmerk: 'n bestaan in verhouding tot Jesus Christus. Sonder om keer op keer terug

te val op 'n geïnstitusionaliseerde "bestaansreg", moet die Kerk Jesus Christus navolg en verkondig aan 'n wêreld wat steeds op soek is na sin en betekenis.

Besondere leierskapsvaardighede is nodig om die Kerk die volgende dekade in te lei. Praktiese Teologie is 'n kommunikatiewe teologiese handelingswetenskap (Firet 1987:260). Vanuit hierdie perspektief word daar sterk gefokus op kommunikasie as vaardigheid. In 'n veranderende wêreld waarin die mens deur 'n nuwe werklikheidsverstaan gekonfronteer word, is dit noodsaaklik om die Woord van God kontekstueel te kommunikeer. Die verkondiging van die Kerk moet op die hede aangelê wees. Die subjek-objek-skema moet op 'n dinamiese wyse gefasiliteer word.

### 1.3.2 Die bestuur van verandering

Een van die fundamentele foute wat tans deur Kerke gemaak word, is dat oplossingsmodelle vir huidige problematiek slegs in huidige strukture gesoek word. In hul strategiese gerigtheid het dit absoluut noodsaaklik geword om buite die huidige strukture en modelle (status quo) te gaan soek na nuwe oplossings.

Die Kerk moet in haar denke meer toeganklik en deursigtig word en sal beslis meer proaktief ingestel moet wees ten opsigte van haar diensbaarheid. Die Kerk mag nooit 'n produk wees/word van 'n "gegewe stel spelreëls" nie. Om die konfrontasie van 'n toekoms te kan oorleef, sal die Kerk voorwaar in die "regte" rigting in bestuur moet word.

Bestuur/beplanning is die proses waardeur visie, strategieë en doelwitte omgeskakel word in aktiwiteite en handelinge. 'n Kerk sou haar lewensiklus kon verleng deur strategies meer effektief te funksioneer. Op die Sigmoid-kurwe (S) word die Kerk gedwing om haar wese voortdurend en opnuut te herdefinieer (Handy 1994:52).

### 1.3.3 Identiteitsvorming

Die Kerk behoort in alle opsigte met betrekking tot haar Kerkorde/beleid reformatories te wees. Sy mag nooit slegs ’n refleksie of produk van haar tradisie wees nie. Visie behoort duidelik en sinvol geskep word. In hierdie opsig moet ook gemeld word dat die missiestelling van Kerke (in teenstelling met haar visie wat tydloos is), wel oor ’n konteksmatige komponent beskik.

Herdefiniëring en die herbevestiging van grondwaarhede moet plaasvind, sonder om slaaf van die huidige institusie te word. Herdefiniëring/herbevestiging impliseer dat ’n organisasie altyd gekonfronteer moet word met die vraag na “sin”. Hierdie “sin”-vraag lei direk tot die vorming van identiteit. Die Kerk is in wese eiesoortige eiendomsvolk van God – dit *is* sy, en dit moet sy *word*.

Die visie en die missie vat die innerlike wesenstrewe van die organisasie saam, terwyl strategiese beplanning en doelwitstelling meer fokus op die praktiese daarstelling van die ideaal. Die doel van strategiese beplanning is om hierdie gaping tussen wat “is” en waarna “gestreef” word, te vul.

### 1.3.4 Bedieningstruktuur

Die Kerk is tog altyd meer as sy regering. Skematies kan dit soos volg uitgebeeld word (Nel 1994:10):

- Prediking + erediens + pastoraat + kategese + apostolaat + diakonaat ≠ Koninkryk van God (Basileia) / Gemeentebou.

Op ’n lineêre vlak is die Kerk van die Here meer, groter, wyer en dieper as wat struktureel en sistemies tot uitdrukking kom. Dit is van kritiese belang dat daar passing sal plaasvind tussen strategie en struktuur.

’n Bedieningstruktuur sal daarom nooit finaal en ideaal kan wees nie. ’n Interne stuk dinamika/pneumatologie inspireer/dryf die Kerk tot verwesenliking. Strukture in die Kerk het ten doel om die heilshandelinge van God te dien: “Strukture begelei die energie van ’n gemeente wat weet

wie hulle in Christus is, wat weet wat hulle bestaansdoel is en wat op beplande wyse besig is om hoe langer hoe meer effektief gemeente van Christus te wees." (Nel 1994:217.)

### 1.3.5 Vernuwing

Vernuwing/verandering is in 'n baie groot mate slegs 'n "respons-aktiwiteit". Die Kerk sal haar beleid verander of aanpas op grond van eksterne druk of veranderinge. In terme van die kongurensiemodel is verandering slegs nodig wanneer leierskap vasstel dat die konfigurasie van die verskillende komponente in die huidige vorm nie effektief is nie en as sodanig dan hervorm moet word. Hierdie beginsel staan as herdefiniëring ("re-invention") bekend (Goss 1996:120).

Die noodsaaklikheid om te verander lê in 'n groot mate vasgevang tussen twee pole: 'n status quo wat uitgedien en nie meer effektief is nie, en 'n "toekoms"/ideaal wat vir die organisasie 'n werklikheid moet word.

Die ironie is dat die Kerk in haar koninkryksvisie nog altyd verkondig dat mense voortdurend vernuwe en verander moet word, maar inherent só stagneer dat sy in 'n oorlewingstryd vasgevang is. Die Kerk is die draer van hoop oor 'n toekoms – juis op grond hiervan moet sy ten opsigte van die toekoms proaktief ingestel raak.

### 1.3.6 Leierskap

Die impak wat kerkleiers op kerke, gemeenskappe en selfs paradigmas het, sal in 'n baie groot mate afhang van die mate waartoe hulle die rol van leierskap aanvaar en aanpak. Leierskap hou direk verband met die feit dat daar een hoof en Heer in die Kerk is: Jesus Christus. Dit impliseer verder dat leierskap in direkte verband staan met diensbaarheid.

Dit wat verander moet word, sal slegs verander as die leier die regte gevoel ("touch") openbaar. Verandering begin nie met dit waarmee die leier hom besig hou nie: inteendeel, indien die leier nie self eers verander nie, sal leierskap slegs instrumenteel bly. Leierskap is nie alleen 'n instrument

waardeur verandering aangepak word nie, maar in wese moet die "verandering" reeds in leierskap geabsorbeer en verteenwoordig word. Die behoefte aan verandering moet beleef word: "This is not a matter of changing what you are doing, but of transforming your way of being" (Goss 1996:14).

### 1.3.7 Nuwe-Paradigma Kerke (Ontluikende Kerke)

Van die primêre kenmerke van 'n postmoderne samelewing is dat hy gefragmenteerd en gepolariseer voorkom. Die Kerk is nie meer die sentrale "rolspeler" binne die gemeenskap nie: en die Kerk is nie meer die sentrum van belange nie. Die Kerk is maar 'n segment van die groter geheel. Net soos die ander segmente worstel met oorlewing en selfhandhawing, so ook die Kerk. Die Kerk is beslis ook nie (noodwendig) die koersaanwyser binne so 'n gefragmenteerde samelewing nie. Die Kerk bevind haarself in die middel van 'n oorlewingstryd, gekenmerk aan konflik en botsende belange/waardes/norme/ ens. Gibbs en Coffey (2007:218) wys daarop dat "A fragmented world means that there is no longer either a centre or a circumference."

Die Kerk moet ten spyte en ten koste van haar "onttroning" in 'n postmoderne konteks haar taak volstaan as Kerk van die Here, Jesus Christus. Alternatiewe metodiek/paradigmas moet ontwikkel en gegenereer word om uiteindelik hierdie taak te kan verwesenlik. In hierdie opsig lewer Tracy Goss (1996:35) 'n merkwaardige bydrae deur die insig dat "… the source of your success, is also the source of your limitation."

In die wêreld van kompleksiteit is dit onontbeerlik dat organisasies as oop sisteme bedryf word. Om in só 'n oop sisteem 'n effektiewe rolspeler te bly is dit nodig dat die Kerk meer buigsaam en aanpasbaar moet wees. Dit vra egter na nuwe paradigma-oplossings: die onmoontlike / die ondenkbare / die "gans-andere" moet gesê en gedoen word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 1.4 WAT WIL EK UITEINDELIK MET HIERDIE NAVORSING BEREIK?

Deur middel van hierdie navorsing wil ek die Kerk begelei om nuut en selfs anders oor haarself na te dink. Deur middel van effektiewe leierskap kan die Kerk beweeg word vanaf ’n onaanvaarbare/oneffektiewe status quo na ’n ideale toestand. Die verantwoordelikheid van leierskap is om in wese betrokke te raak by die daarstelling van nuwe oplossings – nuwe oplossings wat selfs buite die huidige “norm” gevind moet word.

## 1.5 WATTER TIPE NAVORSING IS DIE?

Die ondersoek sal hoofsaaklik deduktief van aard wees. In die proses van teorievorming sal ek teorieë vanuit verskeie dissiplines ontleed en evalueer. Praktiese Teologie (wat deel uitmaak van die teologiese wetenskap) is die studieveld waarin die geloofshandelinge van mense onder bespreking kom. Praktiese teologie is onlosmaaklik deel van die praktyk. Die teorie-praxis-verhouding staan volgens Greinacher (soos aangehaal deur Heyns en Pieterse 1990:34) in ’n bipolêre spanningsverhouding. Hierdie spanningsverhouding tussen teorie en praxis word die beste geïllustreer in terme van ’n ellips:

**Figuur 1.1: Ellips**




Teorie en praxis staan in dinamiese interaksie met mekaar as twee middelpunte wat in balans met mekaar verkeer. Heyns en Pieterse (1990:34) verduidelik dat “Die oorgang van die teorie na die praxis en omgekeerd bring ’n kwalitatiewe verandering teweeg. Die teorie moet voortdurend deur die praktyk waar gemaak of verkeerd bewys word. Die teorie, op sy beurt, moet voortdurend die praktyk te bowe gaan om sy

kritiese distansie te bewaar." Kerk en die postmoderne samelewing staan in 'n bipolêre spanningsverhouding tot mekaar.

In die Praktiese Teologie word van modelle gebruik gemaak om die verhouding en die wisselwerking tussen teorie en praxis aan te dui. Zerfass (1974:166) maak van 'n bepaalde metodologiese model gebruik om die teorie-praxis-verhouding te fasiliteer.

**Figuur 1.2: Zerfass se model**




Heyns en Pieterse (1990:38) maak van 'n praktiese voorbeeld gebruik om Zerfass se model te illustreer: In die boonste sirkel staan "praxis 1" en (1) geskrywe. In die onderste sirkel staan "praxis 2" en (11). Ons begin by praxis 1 en eindig by die nuwe gewysigde praxis 2. Veronderstel dat praxis 1 die erediensbywoning in gemeente A is. Die eerste vraag wat ons vra, is waarom mense vandag Kerk (erediens) toe gaan. Dit bring ons by pyl 2.

Praxis 1 het sy oorsprong in die teologiese oorlewering. Met "teologiese oorlewering" word Kerklike tradisie, Kerkgeskiedenis en al die ander teologiese dissiplines bedoel. Mense gaan Kerk toe omdat dit 'n eeue-oue gebruik is, omdat die Kerk gehoorsaam wil wees aan die opdrag om die evangelie van versoening te verkondig, ens.

Die rigting van die pyl dui aan dat die teologiese oorlewering vir praxis 1 verantwoordelik is. Maar die kerkbesoek van lidmate is nie na wense nie: vergelykende syfers toon dat erediensbywoning afgeneem het. Dit lei tot die vraag waarom lidmate vandag nie meer so gereeld Kerk toe kom nie, en dit bring ons by pyl 3. Hierdie pyl dui in die rigting van "situasie-analise". Wanneer enige probleem ondersoek word, is dit belangrik om 'n analise van die situasie te maak. Dit help nie om te sê lidmate behoort eredienste by te woon nie – daar moet 'n empiriese ondersoek gedoen word om vas te stel vas waarom die bywoning verswak het en tans nie na wense is nie.


Wanneer 'n empiriese situasie-analise gedoen word, kan en behoort die kennis van ander wetenskappe ingespan te word sodat 'n juiste beeld van die werklikheid verkry kan word. Wetenskappe soos sosiologie en sielkunde kan byvoorbeeld van groot waarde wees. In die geval van kerkbywoning kan 'n vraelys, wat deur 'n wetenskaplik verantwoordbare steekproef voltooi is, gebruik word. Die gegewens wat so verkry word, word nou tot 'n teorie verwerk. Hierdie teorie word egter nie net opgebou uit die gegewens wat uit die situasie-analise verkry is nie. Die verlede van eredienste, die Bybel, ander teologiese vakke en die geskiedenis van die Kerk kan nie geïgnoreer word in die proses nie. Die Praktiese Teologie is immers 'n teologiese vak - daarom is die twee pyle gemerk met 5 daar. Na die ondersoek word die gegewens van die ondersoek vergelyk met die teologiese oorlewering en vind daar 'n wisselwerking tussen hulle plaas. Gesamentlik (7 en 8) kom hulle tot 'n nuwe prakties-teologiese teorie (9). Maar hierdie teorie moet in die praktyk toegepas word, en daarom is die pyle gemerk met 10 daar: teorie moet praxis word.

Die sirkel is nog nie voltooi nie, en die nuwe praxis moet nog eers getoets word. Hierdie nuwe praxis 2 (11) word daarom eers aan die situasie (12) en aan die oorlewering (13) getoets. Dit kan natuurlik gebeur dat die teologiese

teorie (9) en die nuwe praxis (11) as gevolg van hierdie toetsing gewysig word.

In die proses van teorievorming dien die model van Heitink (1999:165) ook vermeld te word. Heitink (1999:165) druk die metodologie van Praktiese Teologie in drie sirkels uit: die hermeneutiese sirkel (Teorie), die empiriese sirkel (Praxis) en die strategiese of regulerende sirkel (Modelle).

**Figuur 1.3: Heitink se model**




Bogenoemde drie sirkels korrespondeer in ’n onlosmaaklike verhouding tot die verstaan van praktiese teologie. Vanuit die wisselwerking tussen die teorie en praxis word daar na die strategiese sirkel beweeg. Nuwe praktykteorie moet derhalwe altyd geverifieer of gefalsifiseer word deur die praxis. Volgens Heitink (1999:152) is teorie binne die konteks van praktiese teologie altyd kritiese teorie en behoort die teorie derhalwe krities in te speel op die praxis.

## 1.6 WATTER BRONNE IS BESKIKBAAR?

Daar is baie bronne vanuit verskeie dissiplines (teologies sowel as nie-teologies) beskikbaar (Verwys na bronnelys).

## 1.7 WAT IS DIE WAARDE/RELEVANSIE VAN HIERDIE NAVORSING?

Hierdie saak is in die voorafgaande gedeeltes deeglik beredeneer. Praktiese Teologie het die verantwoordelikheid om prakties-teologiese teorieë te formuleer wat in die praktyk moet kan funksioneer. Deur middel van hierdie studie wil ek 'n konstruktiewe bydrae lewer tot die kommunikatiewe handelinge (handelinge wat gefokus is op die ontmoeting tussen God en mense) in diens van die evangelie. Deur middel van hierdie navorsing wil ek die al groter wordende gaping tussen Kerk en wêreld oorbrug.

## 1.8 FORMULERING VAN PROBLEEM EN DOEL VAN NAVORSING:

Praktiese teologie het te doen met die hartklop van die Kerk. In die Praktiese Teologie word krities nagedink oor die gebeure van Kerkwees. "Gods handelen door bemiddeling van menselijk handelen, vorm het theologisch zwaartepunt van de praktische theologie." (Heitink 1993:20.)

Die heilshandelinge van God (deur Sy Woord en Gees) in sy gemeente en in sy wêreld vorm praxis 1. Die geloofshandelinge van mense in diens van God vorm praxis 2. Daar is besliste wisselwerking en spanning tussen praxis 1 en praxis 2. Van die Kerk word inderdaad verwag om nuut en anders oor haarself na te dink en die nuwe konteks waarbinne sy haarself bevind opnuut/anders te interpreteer.

Die doel van hierdie navorsing is om die handelende geloofsgemeenskap op grond van doelgerigte leierskap en effektiewe gemeentebestuur te begelei tot 'n nuwe verhouding met 'n steeds veranderende en transformerende wêreld.

### Probleemstelling

Kerke en gemeentes blyk 'n onvermoë te openbaar om binne 'n postmoderne samelewing sinvol en effektief Kerk van die Here te wees.

**Hipotese**

Kerkleierskap is 'n medium waardeur Kerke en gemeentes begelei kan word tot effektiewe gemeentebou/Kerkwees.

## 1.9 KONSEPTUALISERING

Die volgende konsepte is in hierdie navorsingsvoorstel reeds omskryf en sal volledige aandag te geniet binne die afhandeling van die onderskeie hoofstukke:

| | |
|---|---|
| Sisteembenadering | (Hoofstuk 4) |
| Bestuur van verandering | (Hoofstuk 4) |
| Identiteisvorming / Skep van rigting (visie) | (Hoofstuk 3) |
| Bedieningstruktuur | (Hoofstuk 1) |
| Vernuwing | (Hoofstuk 2) |
| Leierskap | (Hoofstuk 4) |
| Nuwe-paradigma Kerke | (Hoofstuk 6) |
| Strategiese beplanning | (Hoofstuk 5) |
| Eienaarskap | (Hoofstuk 4) |
| Teorie-praxis | (Hoofstuk 3) |
| Gemeentebou | (Hoofstuk 2) |
| Spiritualiteit | (Hoofstuk 3) |
| Ontluiking/ontsluiting | (Hoofstuk 6) |

# HOOFSTUK 2

# DIE POSISIONERING (HERORIËNTASIE) VAN DIE KERK IN 'N POSTMODERNE SAMELEWING: VERSKILLENDE AKSENTE

**"Ek dink daarom is ek." – Renè Descartes**

## 2.1 INLEIDING

Dit is nie my intensie om postmoderniteit te definieer of om die teologie daarteenoor as wetenskap af te baken nie. Inteendeel, ek wil slegs probeer om myself binne sekere perke/bakens te vergewis van die problematiek en die inhoud van die postmoderniteit. Wat gevra word, is eerder ’n teologies-verantwoorde beoordeling en benutting van die postmoderniteit. ’n Definisie van postmoderniteit kan voorwaar as ’n *contradictio in terminis* beskryf word: wie ’n greep op die verskynsel wil verkry, verstaan dit nie (Adam 1995:1).

Eagleton (soos aangehaal deur Cilliers 2002:1-24) beskryf postmoderniteit as

> ... a style of thought which is suspicious of classical notions of truth, reason, identity and objectivity, of the idea of universal progress or emancipation, of single frameworks, grand narratives or ultimate grounds of explanation. Against these Enlightenment norms, it sees the world as contingent, ungrounded, diverse, unstable, indeterminate, a set of disunified cultures or interpretations which breed a degree of scepticism about the objective of truth, history and norms, the givenness of natures and the coherence of identities… Postmodernism is a style of culture which reflects something of this epochal change, in a depthless, decentred, ungrounded, self-reflexive, playful, derivative, eclectic, pluralistic art which blurs the boundaries between ‘high’ and ‘popular’ culture, as well as between art and everyday experience.

Ströh en Jaatinen (2001:148-165) definieer postmodernisme soos volg as "incredulity towards meta-narratives" en gee die volgende verduideliking daarvan:

> In simple terms this means that different groups within society take on different perspectives of reality and truth, each trying to make sense of their environment in order to achieve their goals and to make sense of what they perceive and experience.

Postmodernisme word gekenmerk deur die gelyktydige bestaan van verskillende diskoerse en paradokse, met die uitsondering dat hulle almal deel in 'n onderlinge komplekse netwerk van verhoudings. Die gevolg hiervan is die ontsluiting van massas informasie: "In order to create meaning it is necessary for systems to be as diverse as possible, and not structured because diversity creates rich information that can be managed to become knowledge and wisdom" (Ströh en Jaatinen 2001:148-165). Leierskap sal met die regte inligting toegerus moet wees om op 'n nuwe vlak met informasie om te gaan.

Die *paradigmaverskuiwing* van die moderne na die postmoderne is 'n realiteit wat deur die Kerk egter ook met verantwoordelikheid geïnterpreteer moet word. Volgens Prins (1997:40) het die soeke van moderniteit na 'n vaste punt in die postmoderniteit oorgegaan in 'n poging om mense te help verstaan dat daar nie 'n vaste punt is nie, maar eerder 'n pluraliteit van moontlikhede en perspektiewe. 'n Absolute sekerheid het derhalwe plek gemaak vir beperkte en relatiewe sekerhede soos wat dit binne bepaalde kontekste en verhoudings funksioneer.

Daar is beslis nie eenstemmigheid oor wat postmoderniteit behels en wat die volledige definisie daarvan is nie. Nieteenstaande die feit dat daar baie kritiek op die postmodernisme bestaan, moet daar ongetwyfeld kennis geneem word van die nuwe konteks waarbinne wetenskapsbeoefening plaasvind.

Die postmoderne paradigma word hoofsaaklik geaktiveer deur twee vernietigende wêreldoorloë; die bedreiging van kernoorlogvoering en die durende herinneringe aan die Holocaust. In presies *watter fase* hierdie

paradigmaverandering tans is, is onseker. Cilliërs (2002:2) maak die volgende gevolgtrekking hieroor:

> Daar bestaan geen waterdigte skeiding tussen die sogenaamde premodernisme, modernisme of postmodernisme nie, eerder 'n ineenvlegting, soos die ondersese yslae van ysberge wat teen en by mekaar inskuif. Die kiem van elke epog is alreeds in 'n voorafgaande en/of opeenvolgende epog teenwoordig. Wat ná die postmodernisme sal kom, is dus ook alreeds in sy kern met ons.

Volgens Jean Houston (soos aangehaal deur Frost & Hirsch 2003:182) is ons "…the people of the parenthesis – at the end of one era but not quite at the beginning of the next one. Maps no longer fit the new territories". Niemandt (2007:50) het die konteks waarteen ontluikende Kerke groei verduidelik as "tye waar die premodernisme sy heel laaste stuiptrekkings gee, die modernisme se hoogbloei verby is en waar die postmoderne tydvak begin. Maar ons woon steeds in drie wêrelde – iets wat ons in Suid-Afrika elke dag ervaar."

Waaroor daar egter geen onsekerheid moet wees nie, is die feit dat die postmoderne paradigma 'n beslissende impak het op die "daarwees" van die Kerk. Om bloot die aanname te maak dat die Kerk haar "legitieme" posisie sal behou binne die postmoderne samelewing, is futiel. Die aard en die karakter van die postmodernisme is sodanig dat die Kerk, indien sy "sal wees", een van baie sal wees (religieuse pluraliteit).

## 2.2 DIE AFBAKENING VAN DIE VERSKILLENDE TYDVAKKE

### 2.2.1 Premoderne tydvak

Die hoofelemente van die premoderne tydvak kan omskryf word as "a vertical metaphysical dualism, separating the heavenly from the earthly spheres; the use of organic metaphors to describe things; a reliance upon tradition as a source of knowledge; and a view of humanity being at the centre of the cosmos (geocentric world-view)" (Herholdt 1998a:458). Dit is 'n tydvak waarin die mens sy wêreld hoofsaaklik vanuit sy sintuie waargeneem het. Alles het vir die mens tot werklikheid gekom op grond van

wat hy/sy hoor; ruik; sien; proe en voel. Hierdie wêreldbeeld is kosmosentries gevorm.

Pieterse (1979:8) beskou die oud-Oosterse wêreldbeeld as vóórwetenskaplik van aard. Volgens daardie wêreldbeeld was die aarde ’n plat vlak omspoel deur die oseane. Onder die aarde was die oersee wat met bronne met die land verbind is. Onder die oersee was die doderyk met nog laer af die hel in die eintlike sin. Bo die aarde was die firmament ’n koepelgewelf waaraan die sterre vas was. Bo die firmament was die hemel. Vorster (1999:10) tipeer die premodernistiese paradigma soos volg: “Die mens- en kultuurbeskouing was pessimisties en alles is gedoen onder leiding van die geloof in die beheer van metafisiese kragte. Die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie het agterweë gebly.”

Leonard Sweet (2007:21) meld dat die mens outoritêre tekste vertrou het wat deur die gesagfigure van die dag (konings, biskoppe, Romeinse hiërargieë) geskep is. ’n Kritiese benadering of beredenering ten opsigte van die werklikheid was vreemd en verbode. Hy wys daarop dat die konsep “self” gedraai het om die ingebore en oorgeërfde “menslike natuur”, wat vir almal een en dieselfde ding was.

### 2.2.2 Moderne tydvak

Die sogenaamde “Neuzeit” begin wanneer die wêreld en die werklikheid vanuit ’n antroposentriese perspektief benader word. Die Moderne tydvak is in die besonder gekenmerk deur die mens wat deur middel van sy denke/verstand die wêreld benader en ontleed het. Absoluut alles is in terme van die mens se denke verklaar.

Die mens se benadering was hoofsaaklik krities en objektief. Volgens Pieterse (1990:91) het ’n sterk formalisme op die voorgrond getree en vir die Praktiese Teologie in die besonder het dit gelei tot *’n teorielose praxis*.

Die nuwe wêreldbeeld is deur twee sterrekundiges beïnvloed. Claudius Ptolemaeus (AD 100-170) het het ’n geosentriese wêreldbeeld geskep deur te fokus op ’n beginsel waar die aarde in die middelpunt van die wêreld

staan en die son en die planete om die aarde in sirkelvormige bane en in gelyke spoed draai. Die groot revolusionêre omswaai in die denke van die mondige mens het egter met die werk *De revollutionibus orbium caelestium* van Nicolaus Copernicus (1473-1543) plaasgevind. Volgens hom draai die aarde in 24 uur om sy eie as en loop die aarde in 'n baan om die son wat 365 dae duur.

Teleskopiese observasies van Galileo Galilei (1564-1642) het die Ptolemeuse geosentriese teorie onder verdenking gebring. In 1633 is Galilei vir sy moderne perspektief op die heelal onder huisarres geplaas.

René Descartes (1596-1650) se bydrae vanuit die denkende subjek – *Cogito, ergo sum* – was uniek. Volgens Pieterse (1979:8) het Descartes die werklikheidsbesef volledig metodies begrond en die geosentriese siening van die heelal antroposentries gerig.

Descartes het vanuit die rasionalisme gesoek na universeel geldige, onveranderlike en onbetwyfelbare kennis. Die begrip rasionalisme dui nie soseer 'n filosofiese denkrigting aan nie, maar eerder 'n metode waarvolgens die kriterium vir ware en eksakte kennis nie die sintuiglike gegewens is nie, maar die rede. Die mens het gefokus op die kollektiewe rede as absolute bron van gesag, en sake soos emosie en intuïsie as onnodig en onwetenskaplik beskou. Die wiskunde en die logika het as ideale voorbeelde van hierdie soort kennis gegeld.

Wanneer Descartes ervaring as bron van ware kennis verwerp, bly daar net een moontlike bron oor, en daardie bron moet in die mens self wees (metodiese twyfel). Herholdt (1998a:458) verwoord dit soos volg:

> Descartes, who is often hailed as the father of the modern era, founded a kind of 'horizontal dualism' by dividing the world into the domains of matter and mind (or spirit). In this sense, he deviated from the Aristotelian idea that people are rational animals by positing an incorporeal mind housed in a mechanical body – the so-called ghost in a machine.

Langs die weg van metodiese twyfel kom Descartes tot die grondbegrippe van die metafisika: In die mens se gees is daar drie soorte idees: *ideae innatae* (ingebore idees), *ideae adventitiae* (idees wat na my toe kom, dit wil sê van buite af), en *ideae a me ipso factae* (idees wat ek self maak).

Beïnvloed deur die Cartesiaanse dualisme ("die wêreld as 'n groot masjien") maak Isaac Newton (1642-1727) sy unieke bydrae tot die nuwe verstaan waarop die wêreld gebaseer word met sy drie bewegingswette:

- 'n voorwerp bly in rus of beweging teen 'n konstante snelheid, tensy 'n resulterende krag daarop inwerk
- 'n resulterende krag wat op 'n liggaam inwerk, laat die liggaam versnel in die rigting van die krag en die versnelling is direk eweredig aan die resulterende krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die liggaam
- vir elke aksie is daar 'n gelyke maar teenoorgestelde reaksie

Heroldt (1998:458) vervolg:

> According to modernism, the celestial and terrestrial worlds no longer operated differently. Universal causality, the view of action and reaction, made scientific predictions possible. Certainty of knowledge became important to the positivist.

In teenstelling met die rasionaliste wat alle kennis in die denke fundeer, is die empirisme 'n kenteoretiese beskouing wat kennis in sintuiglike ervaring vind. Volgens Hume word die waarheid en die eksaktheid daarvan nie in substansie of oorsaak gevind nie maar in empiriese gegewens wat sintuiglik waargeneem word. "Hy is van mening dat die rede van die mens baie beperk is en daarom moet alle denkinhoude aan die hand van waarneming getoets word." (Gericke 1991:40.)

Immanuel Kant (1724-1804) het saam met die empirisme die noodsaaklikheid van ervaring erken. Die kritiese idealisme van Kant het die weg gebaan vir kritiese rasionalisme. Hierdeur het sy dualisme (*phenomena* en *noumena*) sterk op die voorgrond getree. "Immanuel Kant redirected the study of philosophy from metaphysics to epistemology, arguing that one

cannot know the nature of reality because all experience of it is conditioned by the a priors *(oordele wat onafhanklik van die ervaring staan)* of the human mind (mainly our senses of time and space). Such a prioris may reveal more about the mind itself than about its objects of reflection" (Mc Grath:457). In sy *Kritik der reinen Vernunft* hou hy homself besig met die vraag: "Wat kan ek weet?" (epistemologie).

Volgens Kant is daar twee duidelike weë tot verstaan/kennis: via die ervaring deur sintuiglike waarneming en via die rede. Volgens hom is die *Ding an sich* 'n ontoegankilike entiteit. "De geestelijke wêreld (God, ziel, onsterflijkheid)" val buite dit wat waarneembaar, ervaarbaar en beredeneerbaar is. Kant maak dit moontlik om 'n nuwe fokus op 'n sintetiese beoordeling (oordele waar die predikaat nie reeds in die subjek opgesluit lê nie, byvoorbeeld dat water kook wanneer dit verhit word) te plaas.

Friedrich Schleiermacher *(*1768-1834) se bydrae tot die praktiese teologie dien ook vermeld te word: "… de eerste moderne theoloog, die onder erkenning van de waarde van het christelijk geloof te oordenken vanuit de ervaring van het subject" (Heitink 1993:31). Tussen die objektiwiteit van die rede en die subjektiwiteit van die gevoel kies Schleiermacher vir 'n inter-subjektiwiteit waarin God en mens by mekaar betrokke is. " 'Gevoel' staat niet tegenover 'weten' en 'willen', het komt overeen met ons begrip 'levensgevoel', of 'innerlijke levensovertuiging', waaruit heel het leven richting krijgt. Het is het hart van de menselijke persoon en gaat daarom dieper dan weten en willen" (Heitink 1993:35). Schleiermacher lê 'n nuwe fondament vir die teologie wanneer Christelike leerstellings as subjektief beskou en via Christelike godsdienstige ervarings in taal tot uitdrukking kom.

Dreyer (1979:64) omskryf die wêreldbeeld van die moderne tyd soos volg: *die werklikheid* (dit wil sê die totaliteit van wat is, vanaf die makrokosmos van die hemelliggame tot die mikrokosmos van die atoom) is dinamies, met ander woorde dit word deur gedurige beweging gekenmerk. Hierdie beweging is meganies-noodwendig, dit wil sê dit verloop meganies (sonder 'n eie bewussyn, wil, besluit, doel) en noodwendig (gedwonge en sonder 'n ander moontlikheid) volgens universeel geldende natuurwette. Die mees

fundamentele en belangrikste van hierdie natuurwette is die wet van oorsaaklikheid wat impliseer dat elke werking (verandering) 'n genoegsame oorsaak moet hê en as die oorsaak gegewe is, moet die bepaalde werking intree. Derdens is die werklikheid wesenlik homogeen van aard, wat daarop neerkom dat ondanks die groot verskeidenheid van verskynsels wat ons belewe, die werklikheid wesenlik van dieselfde aard is (en dus onderhewig aan dieselfde wette, kenbaar op dieselfde wyse ens.). Laastens is die werklikheid kwantifiseerbaar, wat beteken dat dit in terme van kwantiteit uitgedruk kan word en dus in matematiese terme beskrywe en bereken kan word. Eienskappe van die werklikheid wat nie kwantifiseerbaar is nie, is subjektief (dit wil sê dit is eienskappe wat ons aan 'n objek toeken en wat nie eie aan die objek self is nie) en daarom nie vir wetenskaplike studie toeganklik is nie. Subjektiwiteit kry gevolglik die betekenis van onwetenskaplikheid en onwaarheid.

Daar is volgens Diogenes Allen (soos aangehaal deur Herholdt 1998a:459) vier areas waarin die modernisme geheel en al gefaal het:

> First, whereas modernism has, in the intellectual world, seen the idea of God as superfluous, it can no longer be scientifically or philosophically maintained that we live in a self-constrained world. Second, modernism has failed to provide a basis for morality and society. Third, the optimism of scientific progress to save us from vulnerability to nature and social bondage has become tarnished. In the fourth place, the assumption that scientific knowledge is inherently good and always beneficially applied has become suspect.

### 2.2.3 Postmoderne tydvak

Die postmoderne tydvak word aangedui as die era wat die modernisme opvolg en kan daarom omskryf word as *kritiek op die modernisme*. Volgens Cilliers (2002:2) is postmodernisme geen alheilmiddel teen die kwale van die modernisme nie, maar bloot 'n reaksie wat om teenreaksie roep. Die postmodernisme is 'n sterk poging om die verlies aan sin en betekenis binne die moderne tydvak te restoureer. Volgens Cilliers (2002:2) is die postmodernisme 'n soort her- en terugskouing, 'n lykskouing, en in dié sin glad nie van die modernisme los te dink nie. Die modernisme is in die

besonder gedryf deur die mag van die rede, objektiewe denke en die empiriese.

Die fokuspunt binne die modernisme val sonder twyfel op die Aufklärung (Verligting/Enlightenment). Ten opsigte van die modernisme merk Herholdt (1998a:457) op "... in this erea of understanding the conceptions of reason and knowledge iniatiated by the era of the Enlightenment no longer provide adequate answers."

Binne die postmoderne denke word daar aanspraak gemaak op die feit dat die waarheid nie subjektief of objektief is nie, *maar relasioneel*. Die postmodernisme plaas die klem op die mens-in-verhouding eerder as op die mens as individu (Dreyer 2006b:1320). Die waarheid word in verhoudings gevind, deur gesprek en dialoog heen.

Absolute waarhede word nie meer aanvaar nie. "Waarhede word in kommunikasie ontdek, relasioneel, in verhoudinge en in wisselwerking tussen insig, kennis en ervaring van mense met mekaar. Ons het in elk geval altyd te doen met geïnterpreteerde waarheid." (Pieterse 2002:5.)

Die groot ongemak vanuit die postmodernisme is die feit dat alle wetenskapsbeoefening slegs objektief benader is. Die waardes, die perspektiewe en die persoonlike geloof van die individu is gereduseer tot 'n nihilisme: "Postmodernists hold that the empirical scientific method, with its conviction that truth is bound to objective information, caused an undesirable split between subject and object" (Herholdt 1998b:216). Die subjek moes die realiteit vanuit 'n kritiese / negatiewe posisie benader en die netto effek hiervan was vervreemding.

Postmoderne denke wil subjektiwiteit, aspirasies en vooronderstellings deel maak van *'n nuwe werklikheidsbeskouing*. "Postmodernism is an effort to restore the value of human feelings as part of experience" (Herholdt 1998b:216). Vanuit 'n beskouing dat die werklikheid alleen deur sintuiglike waarneming verifieerbaar is, het baie van die transendente realiteit verlore gegaan. Die moderne mens was 'n mondige en magtige individu wat vanuit sy objektiewe benadering die wêreld vanuit sy denke "beheer" het. Die

reaksie en die kritiek vanuit die postmodernisme hierop is vanselfsprekend. "In some theological circles, this tension contributed to the 'God is dead' theology." (Herholdt 1998b:216.)

'n Verdere reaksie hierop is die feit dat mens homself *as outonoom* verklaar het. As God nie langer in beheer is nie, dan moet die mens die verantwoordelikheid oorneem om na homself om te sien. Op só 'n wyse word die mens argitek van sy eie bestemming. Uit die aard van sy posisie om te beheer is die mens se perspektief ten opsigte van mag en kontrole uiters mededingend en sy toleransie jeens mislukking baie laag.

Binne die postmoderne samelewing is sake soos bemagtiging en die ontwikkeling van menslike hulpbronne niks buitengewoon nie. Inteendeel, 'n al hoe sterker klem word geplaas op die ontwikkeling van vaardighede; die uitbouing/skepping van kapasiteit; die soeke na en die beskikbaarstelling van kennis ("knowledge is power").

'n Verdere saak wat deur die postmoderne denkers met kritiek bespreek word *is vryheid*. Die moderne teoloë het sterk klem geplaas op die feit dat vryheid slegs voorwaardelik geld: die mens kan alleen aanspraak op vryheid indien hy God gehoorsaam. Die sekulêre mens probeer hierdie aanspraak vanuit die agtergrond van twee wêreldoorloë en 'n kernaanslag te verdiskonteer.

Sodra konflik tussen 'n objek en die subjek uitgewys word, skep dit hermeneutiese probleme vir die praktiese teologie. Bogenoemde hermeneutiese probleem druis in teen Praktiese Teologie as handelingswetenskap. Die een handeling onderliggend aan alle ander handelinge (byvoorbeeld leitourgia; kerugma; koinonia en die diakonia) is kommunikasie. Kommunikasie is die proses waardeur die mens die werklikheid wil verstaan. Kommunikatiewe handelinge vorm daarom die objek van studie in Praktiese Teologie.

Volgens Pieterse (1990:52) moet die begrip "handeling" binne die handelingsteoretiese konteks verstaan word. In hierdie konteks beteken 'n handeling om doelbewus (intensioneel), onder die kontrole van die een wat

handel, in te gryp in die loop van dinge (die gemeente, ’n mens se geloofslewe of persoonlike omstandighede) met die doel om verandering te bring met die oog op die ideale situasie van die komende koninkryk van God.

Dreyer (1999:256) gee die volgende beskrywing van die situasie:

> Teenoor die positiwistiese siening van die objektiewe rede, is daar veel meer ruimte vir die invloed van die subjektiewe belewenis en vooronderstellings. Die subjektiewe ervaring, kontekstualiteit en vooronderstellings word in die wetenskaplike denke verdiskonteer. Objektiewe, geïsoleerde, ewig-geldende waarhede moes plek maak vir ’n meer holistiese benadering, waarin die waarheidsbegrip intersubjektief, relasioneel, kontekstueel en voorlopig is. Dit gee op sy beurt aanleiding tot die erkenning van pluraliteit en groter toleransie om verskeidenheid te waardeer en te aanvaar. Demokratisering, deursigtigheid, intersubjektiewe kommunikasie en deelnemende bestuur verdring geleidelik alle vorme van outoritêre en manipulerende magsmisbruik.

Volgens Pieterse (2002:3) is die verwerping van gesag en outoriteit en die hoogskatting van die eie subjektiewe ervaring en sieninge ’n belangrike kenmerk van ons tyd. Die persoonlike, subjektiewe wêreld met sy ervaringe as die “klein verhale” van elke mens se belewenis, word die oorheersende waarheid van die individu. Hy voer verder aan dat daar min plek is vir die kognitiewe en die argumentatiewe, en swaar klem op die affektiewe, ervaringsmatige en emotiewe werklikhede. Volgens Leonard Sweet (2007:23) is die postmoderne self sosiaal gekonstrueer. Daar is geen “essensie” aan die menslike natuur nie. Die postmoderniste soek nie na dit wat algemeen en ooreenstemmend is nie, maar na dit wat uniek en verskillend is.

Die waarheid word vanuit verskeie hoeke benader en verklaar. Postmodernisme word dikwels selfs as versamelnaam gebruik wat die volgende sake omskryf: pluralisme (die werklikheid as ’n veelheid van moontlikhede of perspektiewe), pro-metafoor; relasioneel, holisties (die werklikheid word holistiese benader); relativisme; onbepaald; evolusionêr en

deelnemend. Die mens se gevoel/emosie, sowel as sy denke word ingespan om die wêreld te verstaan. Postmodernisme kan baie verskillende vorme aanneem, soos byvoorbeeld hersienende denke, konstruksionisme, kritiese realisme en dekonstruksionisme.

Alle entiteite het die wesenlike strewe om orde te skep, patrone van betekenis te vorm deur die vloei van energie deur 'n bepaalde sisteem. Die holistiese gedetermineerde wêreldsisteem word in die postmoderne paradigma vervang met 'n spontane orde, of wat Stuart Kauffmann beskryf as "collectively auto-catalytic systems" (Herholdt 1998b:217).

Die nuwe-paradigmadenke stel chaos en orde as katalisators vir *selforganisasie*. Die konsep *determinisme* word deur sake soos toeval en onvoorspelbaarheid bedreig in die sin dat laasgenoemde kreatiwiteit en innovasie aktiveer. Ons het hier inderdaad te doen met 'n stuk kompleksiteit, waarin sin/realiteit geskep word uit chaos. Die intrinsieke dialektiek van orde en chaos is 'n nuwe meganisme waardeur betekenis en verstaan van die wêreld verkry word. In die wêreld van kompleksiteit en chaos is kontrole en orde twee afsonderlike sake: "… you could have order without control" (www.scottlondon.com London:2).

Die implikasie hiervan op die teologie is verreikend. Die mens is en kan nie langer meer 'n passiewe deelnemer wees in sy verhouding tot God nie. Die mens het 'n aktiewe verantwoordelikheid in die daarstelling van 'n sinvolle lewe voor God: "… in the variety of options we are guided by God as creative participant of our lives. Humans need not plug in to a blueprint that renders their own efforts and creative potential sterile, but are co-creators" (Herholdt 1998b:217).

Vanuit die nuwe-paradigmadenke word nie alleen die vertikale verhouding as prominent en primêr beskou nie, maar ook die horisontale bydrae word as prominent en primêr beskou. 'n Nuwe "netwerk"/"gerafelde struktuur" van verstaan word geskep waar die vertikale en horisontale mekaar beïnvloed en komplementeer:

> This 'fuzzy' approach to theology results in notions like the following: theology as a process of knowing; the ordering of experience; the

> growth of coherent meaningful patterns; the approximation of religious reality relevant to experience. Moreover, patterns of self-organization invoke an awakening to community life in exchange for individual control. The dominant model of God in this context is that of the Leader of the community, which means that human life is the greatest opportunity for God's influence. The influence of God precipitates in the individual life as the so-called strange attractor where maximum probability is realized. Perhaps one could say in this sense that self-organization is a metaphor for the non-coercive way in which God works. (Herholdt 1998b:217.)

Vanuit 'n postmoderne paradigma het die teologie die verantwoordelikheid om opnuut te besin oor nuwe/eietydse vraagstukke. Die mate waartoe die Kerk antwoorde en oplossings gaan bied op bogenoemde uitdagings gaan haar legitimiteit al dan nie bepaal. Indien die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika haarself nie gaan verantwoord ten opsigte van hierdie werklikheid nie sal die rol van die Kerk in die samelewing al hoe meer verduister.

Die daarstelling van nuwe konsepte en die ontwikkeling van nuwe teorieë gaan kreatiwiteit en innovasie verg. Om die "abnormale"/"buitengewone" te kan verantwoord is dit vir die Kerk nodig om buite die grense van die "normale"/"gewone" te soek na antwoorde: "One thing is certain in all of this, however: you can't figure out what to do in the future by looking at how you did things in the past." (Lewis: Meestersklasaanbieding.)

Om die Kerk te begelei in 'n vernuwingsproses is 'n teologiese verantwoordelikheid – en in die besonder is dit die verantwoordelik van praktiese teologie. Volgens Nel (1994:15) is vernuwing en groei in die Kerk primêr die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Juis hierdie *indikatief* maak gemeentebou as *imperatief* sinvol: "… in gemeentebou gaan dit om die begeleiding van die gemeente (empiriese subjek soos op 'n bepaalde plek en tyd) tot insig in sy ware wese (as gedefinieerde subjek volgens God se bedoeling met die Kerk). Hierdie werk is nie alleen God se werk nie (net Hy kan dit laat gebeur), maar is ook volledig sy wil. God wil die voortdurende vernuwing van sy gemeente tot effektiewe doelvervulling."

Die Kerk het 'n beslissende bestaansdoel. Binne 'n postmoderne samelewing moet daar in 'n sekere sin assimilasie plaasvind tussen Kerk en samelewing sodat die Kerk kontekstueel verantwoordbaar bly. Volgens Pieterse (2002:2) moet daar vanuit 'n empiriese perspektief toegesien word dat die verstaan van die teks (van die Skrif) en die verstaan van die konteks (die mens van die hede), hermeneuties op mekaar betrek word. Hy voer verder aan dat die konteks van ons tyd ons dwing om ernstig te besin oor die verstaanswêreld en die verstaanshorison van ons tyd, met die doel om 'n sinvolle boodskap in so 'n kontekstuele verstaanshorison te kan bring. Pieterse verwys (2002:2) na die idee kontekstuele hermeneutiek. Dan kom nie net 'n kontekstuele verstaan nie, maar 'n verstaan in die lig van die openbaring waarin die dinamiese Woord in sy modi van kerugma, diakonia en paraklese tot spreke in die prediking.

Ek aanvaar kategories dat die Bybels-Reformatories teologie die Here se Woord en die Belydenisskrifte van die Kerk, op 'n uiters verantwoordelike wyse vervat. Wat ook al die tydsgees van mense in 'n sekere tydvak is of wat ook al die paradigmatiese verskuiwinge van denke is, bly die Kerk se belydenis staan dat ons in die Bybel met die Woord van God te make het, geïnspireer deur die Heilige Gees. Of die gesag ten opsigte van die *norma normans* (Skrif) en *norma normata* (belydenis) volledig en as finaal aanvaar word binne die konteks van die postmodernisme is 'n uiters kontensieuse aangeleentheid. Binne die moderniteit het die objektiwiteit, sekerheid en gesag van die Skrif 'n groot rol gespeel. Pieterse (1993:53-98) toon die ontwikkeling binne 'n wetenskapsteoretiese perspektief aan wat aanleiding gegee het tot die postmoderne werklikheidsverstaan wat klem lê op 'n intersubjektiewe en interpretatiewe hermeneutiese benadering.

Venter (2006:3) meld egter dat die idee van 'n kanon in 'n postmodernistiese wêreldgemeenskap onaanvaarbaar geword het. Sterk weerstand het begin opbou teen die kannosie, veral wanneer dit in die sin van rigiede gesag verstaan word. Hy stel voor dat "... vir die huidige pluriforme situasie dit na die aangewese weg lyk om die normatiwiteit van die kanon nie primêr in terme van rigiede finale literêre vorms te sien nie, maar eerder in sy poging om gesaghebbend oor die ewige God in tydgebonde konsepte en metaforiese beelde te praat" (Venter 2006:6). Die eietydse gebruik van die

Bybel as kanon moet binne ’n dinamiese proses van kanonisering en dekanonisering gesien word waarin geen konseptering van die nosie kanon as onveranderlik of ewig gesien word nie.

Die uitdaging vir die Kerk behoort daarin te lê dat in die beoefening van ’n Bybels-Reformatoriese teologie haar grondwaarhede geherinterpreteer en geherkonseptualiseer moet word. Herholdt (1998b:219) voer aan dat “[f]actors like human experience, the dominant metaphors of faith, recent scientific insights into the complexity of material reality and the depiction of reality and constructivist or pragmatically useful epistemologies all blend into a coherent scheme to form basis for Postmodern Theology”.

Vanuit ’n postmoderne perspektief is die geheel baie meer as net die somtotaal van die verskillende dele. Ek wil hierna verwys as sinergistiese dinamika. Binne die algemene opvatting van wat orde is, word sterk klem geplaas op die evolusionêre en deterministiese verband tussen sake/faktore. Miskien moet die benadering minder lineêr en meer omvattend en dinamies wees.

Die postmoderne denkers ken nie outonome of substansiële status aan die eksterne wêreld toe nie. Subjektiewe deelname word as essensieel beskou in die soeke na waarheid. In die proses sal postmodernisme uiteindelik by die ideaal aansluit waar die gefragmenteerde werklikheid volledig gemaak word. Die fragmentariese werklikheid is deels veroorsaak deur die sistematiek en die kompartementering van die modernisme:

> Truth is not something bound to the object alone (naïve realism, objectivism, positivism), nor constructed solely by human consciousness (subjectivism, instrumentalism). Truth is relational in the sense that it is both objective and subjective (crical realism). Truth is critical insofar as it is different from reality; it is realist insofar as there is a reference to objective reality. The theological implication of an epistemology where relational truth is emphasised is the conviction that there is no dualism between the external world and subjective life. (Herholdt 1998b:219.)

Herholdt (1998b:220) meld verder dat "truth is no longer regarded as something with eternal, unchanging, authoritative and objective, absolute status. Truth is relative to the particular social context and personal presuppositions of the theologian".

Vanuit die postmodernisme sal dit nodig wees om meer openheid te toon vir nie-konseptuele denke. Vanuit 'n wetenskaplike perspektief behoort die intuïtiewe en die mistieke fasette ook beklemtoon te word. In 'n samelewing waarin daar toenemende behoefte is aan emosionele warmte en verborgenheid, behoort die affektiewe meer aandag te geniet in die perspektiewe en die benaderings van die Kerk.

Soos reeds genoem, word die subjektiewe vanuit die nuwe paradigma denke as 'n integrale deel van die nuwe metodologie beskou. Pieterse (2002:3) verduidelik dat "Die persoonlike, subjektiewe wêreld met sy ervaringe as die 'klein verhale' van elke mens se belewenis, word die oorheersende waarheid van die individu. Daarom is daar 'n groot behoefte aan 'beleef' …". Daarteenoor is die dogmatiese/leerstellige perspektief binne die moderne paradigma 'n rasionele metode waardeur uitsprake oor en met betrekking tot God gekontroleer en geformuleer word.

Vanuit 'n hermeneutiese perspektief sal dit uiters relevant wees om die kwessie met betrekking tot metafore verder te omskryf. Metafore vorm in 'n sekere sin 'n brug tussen die bekende en die onbekende; tussen geloofservaring en intuïtiewe ervaring: "Postmodern Hermeneutics differs then from modernism exactly in the sense that a radically different relation between the subject/object poles is established in terms of relational truth." (Herholdt 1998a:457.)

Janse van Rensburg (2002:45-55) beskryf die kenmerke van die postmoderne mens soos volg:

- *Die postmoderne mens is onseker*: Die onsekerheid is gewortel in die feit dat die verwagtings van 'n aardse Utopia (wat deur die modernisme geskep is) nie verwesenlik gaan word nie. Die postmodernis is ook nie meer so seker van homself nie. In 'n

sekere sin het die postmoderne mens die greep op homself en die lewe verloor. ’n Gevoel van nutteloosheid het die wese van die mens oorspoel. Vanuit ’n postmoderne perspektief word daar veral gehunker na die sekerheid van die toekoms.

- *Die postmoderne mens is vitaal*: As gevolg van die geweldige leemte aan sin en betekenis in die samelewing, word die lewe met alles wat dit bied, omarm. ’n Gees van oordrewe opwinding en deelname word die lewe aangepak. Selfs binne die erediens word sake soos ervaring en deelname en aksie populêr.
- *Die postmoderne mens is krities*: Uit die ontnugtering dat die rede vaal, het die postmoderne mens ’n kritiese ingesteldheid wat alles bevraagteken. Omdat die werklikheid gerelativeer word is daar ’n groter mate van openheid en inklusiwiteit.
- *Die postmoderne mens is heelbrein-georiënteerd*: Volgens Janse van Rensburg was die prediking in die verlede hoofsaaklik linkerbrein-georiënteerd (gebaseer op die logika, objektiwiteit, krities analities, georganiseerd en tradisioneel), en was die modernistiese perspektief oorheersend. Vanuit ’n meer kritiese benadering (postmodernisties) sal die moderne mens minder aan vaste vorm en struktuur gebind wil wees. Die regterbrein-georiënteerde mens het sonder twyfel behoefte aan kreatiwiteit en openheid. Daar ontstaan ook verder behoefte aan gevoel en belewing.

## 2.3 ’N NUWE HERMENEUTIESE DINAMIKA

Na aanleiding van bogenoemde bespreking sou dit vir die teologie relevant kon wees om die volgende te ondersoek:

a) ’n Nuwe hermeneutiese dinamika sal met groter verantwoordelikheid benader moet word: “Hoe kan God se stem weer opnuut gehoor word in selfs ’n postmoderne wêreld?” Van der Spoel (soos aangehaal deur Dekker en Visser 2002:229) maak die volgende bydrae: “Daarbij richt hun aandacht zich vooral op de preekopbouw: hoe maak je van de bijbelse boodschap zo ’n ‘verhaal’ dat mensen het begrijpen, dat het hen raakt en dat ze er iets mee doen in hun leven.”

b) Vanuit 'n prakties-teologiese invalshoek sal 'n herinterpretasie van die heilshandelinge van God en die geloofshandelinge van mense moet plaasvind.

c) 'n Eietydse kommunikatiewe styl moet gevestig word. "Die prediking in 'n postmoderne tyd sal wat inhoud en styl, vormgewing en kommunikasie betref, met hierdie kenmerke rekening moet hou" (2002:56).

d) Die wisselwerking (konfronterende verstaansontmoeting) tussen eksegese en gemeentesituasie (Pieterse 1979:113-126).

e) Die Kerk sal 'n sensitiwiteit by lidmate moet kweek waarin daar ruimte gemaak moet word vir andersoortige denke en perspektiewe.

f) Die Kerk sou in terme van haar rol in die postmoderne samelewing die "draer" van liefde, begrip en deernis word en só andersheid kon akkommodeer.

g) Volgens die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) (soos verwoord in die Basistoerustingspakket: 16) sal die Kerk haar stem hoorbaar moet maak indien daar met erns na die behoefte van die postmoderne mens geluister word:

- Die postmoderne mens het behoefte aan verdiepte spiritualiteit – 'n beweging van soeke na die verbreding van jou lewe tot 'n soeke na verdieping van jou verankerdheid in God.
- Die postmoderne mens het behoefte na verdiepte verhoudings – 'n beweging van soeke na geborgenheid in strukture tot 'n soeke na geborgenheid in verhoudings.
- Die postmoderne mens het behoefte tot nuwe refleksie op die lewe – 'n beweging van 'n gevoel dat ek die lewe nie verstaan nie, tot 'n soeke na insig en 'n nuwe begrip, 'n soeke na antwoorde op geloof- en lewensvrae.
- Die postmoderne mens het behoefte aan kreatiewe grenservarings – 'n beweging van 'n menslike ingesteldheid van

’n-veiligheid-eerste-lewe binne die sisteem, tot vernuwende ervarings in die aangryp van uitdagings en geleenthede.

Die mens kry toegang tot die Woord van God deur die Skrif. Om die lewende God in die prediking te kan hoor en verstaan moet daar ’n “verstanende ontmoeting tussen die Skrifteks en die situasie van die gemeente plaasvind. In die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie vind Woordgebeure plaas waar die teks só ter sprake kom dat dit die prediker in sy eksistensie aanspreek”. Nel (2001:16), met verwysing na Van Ruler (1969:180), beskryf hierdie verhouding as ’n resiproke verhouding (God wat ons weer volledig inskakel en deur ons werk) waar die prediker bevryding oor sy/haar teenwoordigheid op die preekstoel ervaar.

Die dialoog tussen God en die hoorder soos deur die Gees geskep en onderhou staan altyd in konfrontasie met die gemeentesituasie. Die konfrontasie met die praxis sal ’n nimmereindigende proses bly.

Pieterse (1979:113) meld dat die proses waarin die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie plaasvind en deur die Woordgebeure heen in gedagtes kristalliseer, as *meditasie* bekend staan. Hy verduidelik verder dat die meditasieproses nie die vorming van spekulatiewe gedagtes is wat in ons opkom vanweë ’n mistieke opgaan in die godheid nie. In meditasie word die situasie van die gemeente en die hoorder deurdink. “Daar vind in die meditasie ’n ontmoeting plaas tussen die taal van die teks en die taal van die hede. In hierdie ontmoeting, hierdie konfrontasie vind ’n gesprek plaas met God en met die gemeente”. Dit sou moeilik wees om anders na hierdie gebeure te verwys as konfronterende dialoog tussen die teks en die hede. As die ontmoeting tussen die Woord en die gemeentesituasie in die modus van ’n konfrontasie plaasvind, dan beteken dit dat die prediker wat solidêr met sy gemeente is met sy kontingente en konkrete situasie die teks ontmoet (Pieterse 1979:116). Die teks moet keer op keer weer nuut spreek en is aangelê op die hede.

Pieterse (1979:114) verwys verder na die feit dat hierdie konfrontasie ’n horisonversmelting veroorsaak: “Omdat die teks met die hede ontmoet

word, word die teks se skopus in ons verstaanshorison ingeneem en skuif die horison van die teks en dié van ons oormekaar. In hierdie proses waar die prediker as subjek met die teks as objek besig was, vind dan ’n omkering van die rolle plaas waar die teks nou as subjek die prediker as objek aanspreek, interpreteer en uitlê.” Die meditasie is dus die oord waar die hermeneutiese heen-en-weer-beweging plaasvind tussen teks en hede en waar die teks verstaan word vir vandag.

Die begrip *hermeneutiek* is afgelei van die Griekse woord *hermeneutiké*, wat “kuns van uitleg” beteken. Gericke (1991:47) verduidelik dat Hermes in die Griekse mitologie die middelaar was tussen gode en mense. Die funksie van bemiddeling of mediasie tussen twee vreemdhede is dan ook sentraal in die hermeneutiek. Aanvanklik het hermeneutiek slegs verwys na die kuns om tekste te interpreteer. Sedert Schleirmacher is die begrip “hermeneutiek” egter uitgebrei om ook die problematiek van “verstaan” in die gesproke taal in te sluit.

Volgens Pieterse (1979:117) verstaan Ebeling die begrip *hermeneuein* onder andere in hierdie betekenis. Vertaling is dus transformatiewe spreke waarin die Werklikheid soos uitgedruk in een konteks oorgedra en oorgeplaas word ten opsigte van ’n ander Werklikheid en ‘n ander konteks en in ’n nuwe taal uitgedruk word. Vertaling (*translatio: die verplasing van dinamiese inhoude*) beteken dat die intensie van die teks in die hede ter sprake kom. Die intensie van die teks moet “vertaal” word in die hede. Vos, soos aangehaal deur Dreyer (1997:1256), dui aan dat die begrip *hermeneutiek* vroeër klem gelê het op die “wat” van die verstaan. In ’n postmoderne konteks moet die term *hermeneutiek* in ’n omvattende sin verstaan word, wat met al die tersaaklike kontekste te doen het, en ook met dié van die wêreld voor die teks.

In ’n postmoderne konteks sal die skopus van die teks in die prediking “anders” gesê moet word om “dieselfde” te sê. Die teks moet “gerepresenteer” word. Die boodskap moet geherformuleer word.

Cilliers (2002:14) beskou die buitelyne (“vier basiese konstituente van die homiletiese proses”) van die “preekspel” binne ’n postmoderne milieu as:

- *die Bybelse teks*

  "Hierdie teks bied byvoorbeeld nié...één, ewige waarheid nie, maar 'n multidimensionele tafereel van moontlikhede. Dit laat ons telkens vanuit 'n ander hoek iets van die gesig van God sien, maar dis net iets, net één kant van sy gesig, net één van sy vele gesigte." (Cilliers 2002:15.)
- *die prediker*

  "Predikers is kreatiewe mense wat aan die hand van 'n kreatiewe teks binne die ruimtes van 'n kreatiewe gemeenskap getuig van die kreatiewe God. Daarom word hulle gedurig gerelativeer én geïnspireer, moet hulle leer om die teenoorgesteldes van hulle sieninge te waardeur, om skynbare onversoenbares te laat ko-eksisteer ..." (Cilliers 2002:17).
- *die gemeente*

  "Die Gees is aan die Kerk gegee, en dis in die gesprek met hierdie Kerk dat die waarheid vir hier en nou gevind word; dis in die ekklesiale diskoers dat die besondere gesig van God vir die besondere situasie raakgesien word." (Cilliers 2002:16.)
- *die Een wat verkondig word: die lewende, spelende God*

  Volgens Cilliers (2002:17) is God die omsluitende (en ek voeg by) en ontsluitende bron van die spel: "God is die *Creator* by uitstek, die kreatiewe Een wat ons uitnooi om saam met Hom kreatief te word, spelende op die spoor van 'n rykdom van perspektiewe."

Volgens Pieterse (2002:6) het elke era in die geskiedenis van die Kerk teologiese brugwoorde of sleutelwoorde gehad waarmee teologie en prediking relevante ingang gekry het met die Bybelse boodskap. Pieterse beskou die volgende teologiese aksente as belangrik in 'n postmoderne konteks:

> In die nood van die uitsigloosheid op die toekoms van ons tyd, kan die prediking met nuwe klem die beloftes van God oor die toekoms (*Eskatologie*) verkondig" (Pieterse 2002:7). As predikers van die evangelie gaan ons uit van die veronderstelling dat die werklikheid onvoltooid ("open-ended") is. Daarom moet predikers van die evangelie ook die werklikheid in die lig van die parousie relativeer, maar dis 'n ánder soort relativering as wat in die (siniese vorm van)

> postmodernisme gebruiklik is: "Wie die parousie verwag, staak die parodie, worstel eerder inkarnerend en herinterpreterend met die werklikheid in die hoop van die finale transformasie. Wie die parousie verwag, speel die spel van die prediking juis as *tussen-spel* tussen dit wat is, en dit wat kom, wetende dat ons nog nie dáár is nie. (Cilliers 2002:1-24.)

Volgens Dreyer (1997:1258) stel die postmoderne konteks bepaalde vereistes aan die prediking. Die prediking kan nie langer die logika en die argumentatiewe voorop stel nie. Om hierdie uitdaging te aanvaar, stel Dingemans (soos aangehaal deur Dreyer 1997:1257) perspektiwistiese prediking as antwoord voor. Perspektiwistiese prediking behels volgens hom die volgende:

- Preke moet begin by die vrae wat die gemeente besig hou (kontekstueel). Daar moet nie van bo-na-onder nie, maar van onder-na-bo gepreek word
- Preke moet eerder konsentreer op kleiner tekseenhede as om besig te wees met die totaliteit van die Skrif. Preke moet meer soek na die geheim van tekste as na 'n allesoorkoepelende verklaring
- Miskien moet daar in die prediking minder gekonsentreer word op die metafisiese God wat in die hoogste alles in sy almag omvat, en meer gefokus word op die God-met-ons, as die geheim in en agter alles
- Postmoderne filosowe leer ons dat daar geen vaste betekenis is nie, of dat hoorders self die betekenis van tekste bepaal. In beide gevalle moet die hoorders die moontlikheid en ruimte kry om self 'n relasie met die Bybelteks tydens die preek op te bou
- Predikers moet nie outoritêr hulle eie mening weergee nie, maar as die wyse waarop hulle probeer het om helderheid en sekerheid te kry. Dit vra van predikante 'n buigsaamheid en die gawe van toleransie

Om die Woord van God nuut te preek in 'n nuwe dialoog gebeur deur die kreatiewe werk van Sy Gees. "Die prediker staan altyd in 'n dialogiese

situasie tussen die teks en die gemeente … Die prediking open perspektiewe vir die gemeente, stimuleer hul in 'n sekere rigting." (Pieterse 1979:124.)

Wanneer die teks deur die prediker ontmoet word, geskied die woordgebeure. Dit is die bewegende Woord van God wat sprekend tot verstaan gebring word. Die woord beweeg deur die prediker heen en kom tot gelding in die preek en in die reaksie deur die gemeente daarop. Van der Spoel (soos aangehaal deur Dekker en Visser 2002:227) meld dat die postmoderne hoorder sterk beïnvloed word deur die media: "... een verschuiving plaatsgevonden van woord- naar beeldcultuur, van oor na oog, van argumenten naar indrukken."

## 2.4 SAMEVATTING

Dit is in die hermeneutiese proses krities om te verstaan dat die struktuur nie funksioneer soos die tradisionele "van die teks na die preek" nie, maar dat 'n mens bewustelik vertrek vanuit die konteks van die gemeente, daarmee na die teks gaan, en wanneer die teks die prediker-eksegeet aangespreek het met sy boodskap, dan terug beweeg na die gemeente in haar konteks met die boodskap van die teks vir daardie spesifieke konteks (Pieterse 2002:8).

Deur die Woordgebeure word die Woord van God deur die gemeente gehoor en verstaan. God self is die Subjek en die Waarborg van die prediking. Hy spreek Sy Woord hier en nou in ons eie taal. Soos die mense van Hand 2:11 kan ook die menigte van ons dag van Sy getuies sê: "Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek". Daarom moet daar steeds gepreek word, "want die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!" (1 Kor 9:16; 1979:126.) Taal het die vermoë om te korrigeer; te skep; te bou; te motiveer; te lei en te verander. Die krag van taal (goeie kommunikasie) moet onder geen omstandighede onderskat word nie.

Die vraag is: in hoe 'n mate en op watter wyse behoort die gereformeerde teologie sy weg te vind tussen die modernisme en die postmodernisme. Volgens Leonard Sweet (2007:21) is die verband tussen premodernisme,

modernisme en postmodernisme nie opeenvolgend nie, maar gelyklopend. Volgens hom moet die Kerk in hierdie komplekse tyd kennis neem van premoderne fasette, moderne fasette asook postmoderne fasette. Tog kan die Kerk haarself nie losmaak van die werklikheid dat die postmoderne tydsgees die oorwegende tydsgees is waarmee daar vanuit alle fasette van Kerkwees rekening mee gehou sal moet word.

Vanuit hierdie hoofstuk is duidelik dat predikers in 'n postmoderne konteks die skakel tussen die konteks van die eerste lesers en die konteks van die moderne lesers moet vind. Dit is inderdaad duidelik dat die kontekstualiseringsproses daarop ingestel is om nuwe sin en betekenis te skep vir elke nuwe konteks.

In hoofstuk 3 word daar gepoog om die identiteit van die Kerk te omskryf. Om eventueel te verstaan wat die Kerk se rol binne 'n bepaalde konteks sou wees, is dit nodig om die essensie van Kerkwees te verstaan. 'n Vraag na die identiteit van die Kerk hou direk verband met die Een uit wie die Kerk leef en beweeg.